

SONDAGSKOOL LES: Om op Jesus alleen te vertrou

Doel van les:

- Hierdie week gaan kinders leer dat geloof die sleutel is tot redding. Uit geloof is ons daartoe instaat om in Jesus alleen te vertrou, Sy naam te bely voor ander en jammer te wees oor ons sondes.

Ysbreker: Bybelvers uitdaging: Matteus 10:32 - Elkeen dan wat My bely voor die mense, hom sal Ek ook bely voor my Vader wat in die hemele is.

Gee vir elke groep kans om te kyk of hulle die vers redelik goed kan memoriseer.

Elke groep gaan nou een van die volgende "challenges" trek en moet die vers dan vir die res van die groep kom opsê volgens wat hulle "challenge" is.

Challenges:

- In fast forward terwyl hulle op een plek draf;
- Fluister terwyl hulle "tiptoe"
- In "slow motion" terwyl hulle in "slow motion" draf;
- Marsjeer soos soldate;
- In 'n normale stem terwyl hulle agteruit loop.

Vrae:

- Voor wie moet ons Jesus bely? (Ander mense)
- Hoekom dink jy sê Jesus ons moet Hom bely/getuig van Hom voor ander mense?
- Wat kan gebeur as ons Jesus nie bely voor ander nie?
- Is dit genoeg om net te sê dat Jesus is wie Hy sê Hy is? (Nee, ons moet ook al ons vertrou in Hom plaas en Sy krag en autoriteit in ons lewens aanvaar.)

Kry terugvoering.

Sê: Vandag se gedeelte begin net nadat die dissipels die Heilige Gees ontvang het met Pinkster. Petrus het die skare toegesprek en die Goeie Nuus aan hulle verkondig oor Wie Jesus werklik is en wat Hy aan die kruis verrig het.

Groepwerk: Lees Handeling 2:37-47

Vrae:

1. Hoekom sê Petrus "bekeer" in vers 38? Wat beteken bekeer? (Om weg te draai van, om rigting te verander. Petrus sê ons moet wegdraai van ons sondes en draai na Jesus as ons Redder en Verlosser.)
2. Wat het Petrus ook gesê behoort mense te doen nadat hulle hul bekeer het? (Hulle moet gedoop word.)
3. Wat is belowe aan die mense as hulle doen wat Petrus gepreek het? (Hulle sondes sal vergewe word en hulle sal die Heilige Gees ontvang.)
4. Petrus laat die skare weet wie almal gered kan word. Wie is dit? (Hulle wat die boodskap gehoor het, hulle kinders, almal wat ver is, die wat die Here na Hom roep.)
5. Dink jy die Here roep jou? (Laat toe vir antwoorde.)
6. Watter veranderinge het plaasgevind in die lewens van die nuwe gelowiges? (Kinders kan lees in verse 42-47. Hier is 'n lysie wat kan help met antwoorde.)
 - a) Hulle het volhard in die leer van die apostels;
 - b) Daar was fellowship met mekaar;
 - c) Hulle het nagmaal saam gehou en saam geeet;
 - d) Hulle het saam gebid;
 - e) Hulle was gevul met awe en vrees vir die Here;
 - f) Hulle het baie tekens en wonders gesien wat deur die apostels plaasvind;
 - g) Hulle het saamgestaan;
 - h) Hulle het vir behoeftiges onder hulle gesorg;
 - i) Hulle het elke dag bymekaargekom in die temple (kerk);
 - j) Hulle het God geprys.

Kry terugvoering.

Ons het heelwat informasie ingeneem met hierdie reeks. Ons het geleer dat maak nie saak hoe hard ons probeer nie, ons sal nooit goed genoeg wees om op ons eie in die hemel te kom nie. Tog is die Hemel 'n gratis geskenk. Ons het ook geleer dat ons sondaars is. Sonde weerhou ons daarvan om 'n verhouding met God te hê. God is regverdig en moet ons sondes straf wat die dood beteken. God is ook genadig, is lief vir ons en wil ons nie straf nie.

Om ons te red, het God die Vader vir Jesus gestuur om te sterf vir ons. Jesus was geheel en al sonder sonde. Hy het gekry wat Hy nie verdien nie om te keer dat ons kry wat ons wel verdien. Vandag het ons geleer dat wanneer ons ons geloof en vertrouwe in Jesus plaas en die geskenk van genade vir ons vat, sal ons die ewige lewe ontvang.

Sluit af met gebed in groepe.

In fast forward terwyl julle op een plek draf

Fluister terwyl julle "tiptoe"

In "slow motion" terwyl hulle in "slow motion" draf

Marsjeer soos soldate

In 'n normale stem terwyl hulle agteruit loop